Die Teologiese en Kerklike landskap in Suid Afrika is veral die afgelope dekade in ‘n toenemende mate oorspoel deur verskillende, oënskynlik “nuwe” strominge. Bewegings soos die **Jesus Seminar** vanuit Amerika en die sg. **Nuwe Hervorming,** wat op eie bodem ontstaan het, het ‘n paradigma verskuiwing in die teologie teweeg gebring wat die kern van die Evangelie van Jesus Christus ernstig in die gedrang gebring het. Lede van hierdie bewegings het herhaaldelik vanaf openbare platforms in S.A. **‘n streep getrek deur die 2000 jaar oue Christelike belydenis** dat Jesus as enigste Seun van God uit ‘n maagd gebore is, vir ons sondes aan ‘n kruishout gesterf het en opgestaan het uit die dood. In die naam van “Historiese Jesus Navorsing”, is hierdie belydenis **afgemaak as die onbybelse en uitgediende “meesterverhaal” wat deur die Kerk self geskryf is.** Die **Godheid en uniekheid van Jesus Christus** as enigste middelaar tot God is ontken. Sy **maagdelike geboorte** is afgemaak as ‘n mite – soortgelyk aan die mites van ander gelowe. Sy **versoeningsdood aan die kruis** is beskou as ‘n primitiewe en uitgediende offerande ritueel en verwerp as ‘n daad van gruwelike kindermishandeling wat gepleeg was deur God die Vader. Sy **opstanding,** is daar gesê, moet “metafories” of “mitologies” gesien word, aangesien hy nie liggaamlik uit die dood opgestaan het nie. **DIE HART VAN DIE EVANGELIE IS LETTERLIK UITGERUK.** Die **Bybel,** is daar verder beweer, kan nie langer as die Woord van God aanvaar word nie, terwyl die Gnostiese geskrifte, by die Bybel ingesluit moet word. **DIE JESUS VAN DIE BYBEL IS VERVANG MET ‘N “ANDER JESUS”** wat weinig verskil van die talle mitologiese “inkarnasies” van die gode van ander godsdienste. **Alle gelowe** moet saam met die Christelike geloof gesien word as “ewe geldige paaie na God toe”. Die **Satan** bestaan volgens die “nuwe” teologie ook nie werklik nie – hy is ‘n blote “mite”, ontleen aan ‘n ou wêreldbeeld. Die monistiese (alles is een) **wêreldbeeld** en die panentïestiese **godsbeeld** – wat natuurlik deur die eeue in die paganistiese en oosterse gelowe aangehang word – is aanbeveel vir Christene in hierdie sg. post-moderne tyd.

Die invloed van bewegings soos die Jesus Seminar en die Nuwe Hervorming sou spoedig begin deurwerk na die teologiese opleiding van die NGK. In 2002 tree John Dominic Crossan van die Jesus Seminar op by Tukkies se Teologiese Fakulteit. Hier was hy met groot eerbetoon ontvang en bestempel as een van die voorste teoloë van ons tyd. Kort hierna kom die Nuwe Hervorming tot stand. **Sommige lektore van die Fakulteit by Tukkies, het by verskillende openbare geleenthede samewerking tussen die Kerk en die Nuwe Hervormers bepleit, hulle teologiese standpunte ondersteun en selfs dieselfde standpunte as die Nuwe Hervormers verkondig** mbt wêreldbeeld, Godsbeeld, Jesus se versoeningsdood, Sy opstanding, ens.

In hierdie 1-uur dokumentêr kan u, **aan die hand van eksklusiewe video-materiaal, die standpunte van die bg teoloë en lektore uit hulle eie mond hoor,** waarna u ‘n ingeligte besluit sal kan neem oor waar u staan mbt hierdie “nuwe” strominge in die Kerk en Teologie.

HIERDIE DVD KAN BESTEL WORD VAN:

WTL Multimedia Produksies	E-pos: sarelwtl@telkomsa.net	**BANKBESONDERHEDE**
Posbus 88	Tel: 011 472 6964	ABSA – S.J. v.d. Merwe
Florida Hills	Sel: 082 689 7603	Rek. No. 625 172 683
1716	Kontakpersoon: Sarel v.d. Merwe	Koste: R100 +R20 versending
	LW: Vul u naam en van in onder “Verwysing” op die deposito-strokie	